Die Lantern

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

Jaargang 2 #18 2 Junie 2013

09:30 Oggenddiens

Ds Fanie Coetzee

Tema: Here, in my sonde en nood, wag ek op U

Sing: Ps. 146-1:1,2
Geloofsbelydenis
Sing: Ps.146-1:3 (Kinderbegeleiding)
Sing: Ps.130-4:1,2
HK Sondag 45 Vr en Antw 117
Skriflesing: Psalm 130 **Teks:** Psalm130 (1953 vertaling)
Sing: Ps.130-1:3,4
Sing: Ps.91-1:5,6
Amen: Sb.13-2

11:30 English Service

Rev Fanie Coetze

Theme: The Golden rule –– Do to others what you would have do to you
Scripture reading: Matthew 5:43-48, 7:7-14 **Focus verse:** Matthew 7:12

18:00 Aanddiens

Ds Willem Steyn

Tema: *Volgelinge van Jesus* en die krag van geloof

Lofprysing

Tema: Loof ons Hemelse Heer

Flamlied In die Hemel is die Heer
Lied 199 Loof die Here uit die Heemle
Lied 602 Ek sien 'n nuwe hemel kom

Sing: Sb.12-4:1,2,3
Skriflesing: Lukas 17:1-10
Teks: Lukas 17: 5-6
Sing: Lied 588: 1, 3.
Sing: Ps.31-2: 1,2, Ps 31-1:17
Amen: Sb.13-2

Kontak ons

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

Liefdegawes
by die deure

2 Junie
Oggend: Franse Radiobediening
Aand: Sending in Burundi
9 Junie
Oggend: Klassis Sustentasie
Aand: Meelewingsfonds
16 Junie
Oggend: Venterskroon
Aand: Meelewingsfonds

Meelewing

Ons dink aan sr **Riekie Dekker** (082-068-6831) wie se suster, Trix van der Walt die week in die Here ontslaap het. Mag die Here julle ryklik troos.
George Lotter (083-284-7599) het 'n hand-operasie ondergaan. Ons is bly dit het goed verloop en bid vir volkome herstel.

Kompas deur die Donga's
Skoolverlaterskamp
Alle gr10 - 12s

7-12 Julie - R650.00 p.p
ABSA Spaarrekening
Takkode: 335-138 Rek: 9066522601

Meer inligting:
Hardus: 084 983 8714 / JG: 084 906 3732
www.cachetstudente.co.za
Facebook:
Nooitgedacht Skoolverlaterskamp

KARWAGTE

Gemeente, neem asseblief kennis dat die Kerkraad 'n kontrak het met Bafana Sekuriteitsdienste om Sondae tydens die eredienste karwagte te voorsien.
Die maatskappy word deur die Kerkraad betaal en u hoef dus nie te voel dat u hulle iets moet gee nie. Die Bafana karwagte kan aan hulle baadjies geïdentifiseer word, enige ander "karwagte" is ongevraagd daar.

Johan van Dijk (Eiendomskommissie)

Gemeente-ete!!!

Die hele gemeente word uitgenooi na 'n heerlike warm middagete op Sondag 9 Junie na Nagmaal. Die susters maak alles, al wat jy nodig het is jou eie eetgerei en drinkgoed (en onthou die poedinglepel!). Gee asseblief jou naam deur vir jou **ouderling** of die **kerkkantoor**. Dan weet ons vir hoeveel mense om reg te maak!
(Laat weet asb teen moreoggend 10:00.)
Ons sien uit na 'n heerlike saamkuier as gemeente.
NB Die ete gaan by die saal wees van die Gerrit Dekkerstraatkompleks (Noordbrug), en dit begin om 12:15.

G5 Koffiekamer is oop! Kom maak Woensdag- en Sondagaande 'n draai en geniet 'n lekker beker koffie saam goeie geselskap. Sien jou daar!

tweet tweet tweet

@gkpotchBult
#gkbult
#potchG5

Bid saam @ G5

Ons gebedsgroep kom elke Vrydag-oggend 06:30 - 07:15 bymekaar by die koffiekamer. Kom bid saam met ons vir ons gemeente en ons gemeente se bediening binne die koninkryk van die Here. Almal is welkom!

getuienis

"Om te sterf aan myself beteken
om die reg op myself prys te gee, en
toe te laat
dat die Gees my vlees beheer."
- Louisa van der Walt

facebook

http://www.facebook.com/gkpotchbult
http://www.facebook.com/gkpotchbultG5
http://www.facebook.com/VenterskroonBediening
http://www.facebook.com/GKBultProjekte
http://www.facebook.com/gkbultEnglishMinistry

Hoe gemaak as 'n bedelaar by jou langs kom en sê hy is honger? Veral as jy nie geld wil gee nie...
Hier is 'n oplossing:
Daar is koeponboekies by Insleep Kafee of Spar te koop, en jy kan so 'n koepon vir iemand gee. Die persoon kan die koepon dan weer by Spar of Insleep inlee, en kry dan 500ml melk en 'n halwe bruinbrood.
Een koeponboekie kos R50, en daar is 5 koepons in (dus R10 per koepon).
Kom ons ondersteun hierdie projek in ons gemeenskap, en help behoeftiges deur eerder kos te gee.

Studiesentrum

Die Studiesentrum is weer aan die gang, en tot Saterdag, 22 Junie oop. Dit sal van 08:00 tot 23:00 oop wees op weeksdae, en Saterdae van 08:00 tot 18:00. Ons het ook mense nodig om diensbeurte te neem. Skryf asseblief jou naam op die beskikbare lyste, of skakel met die kerkkantoor.

Fotografiekursus

'n Eerstevlak fotografiekursus word aangebied met baie praktiese oefening.

Bespreek vroegtydig vir die volgende kursus.
Begindatum: 11 Junie 2013
Koste: R1050 (10 sessies)

Kontak Johan de Klerk:
082-884-7061 /
johan@towerlantern.co.za

SUSTERS VAN BRASILIË (IGREJA PRESBITERIANA doBRASIL) BESOEK ONS IN SA

Agtergrond

Die GKSA het met die laaste sinode kerklike bande met die Presbiteriaanse Kerk van Brasilië (IPB) gesluit. Dit is 'n gereformeerde kerk van ongeveer een miljoen lidmate en 'n kerk wat midde in die land met sy Roomse kultuur geweldig groei. Die NWU het ook bande met die IPB se Universiteit in Sao Paulo gesluit. Die IPB doen ook sendingwerk in Mosambiek en Angola.

Sestien van die susters van die IPB besoek in Juniemaand hulle sendingpunte in Angola en Mosambiek. Hulle het aangedui dat hulle gretig is om met die GKSA se susters gesprek te voer en ons kon vir 7 Junie die geleentheid reël.

Uitnodiging

Susters (broers is welkom) van die GKSA word hartlik na die gesprek uitgenooi.

Besonderhede

Die susters gaan vir ons vertel wat die IPB se susters in Brasilië doen en ook wat dié groepie susters in Mosambiek en Angola by hulle sendingpunte ervaar het.

Datum: Vrydag 7 Junie

Tyd: 14:15 - 17:15

Plek: Die Gereformeerde Kerk Waterkloofrand: Hoek van Lange en Dey straat, New Muckleneuk, Pretoria.

Laat weet asb voor Woensdag 5 Junie vir Tobia Steyn as u die geleentheid wil bywoon: tobia.steyn@gmail.com / 082 354 7053

NB NB NB

Vandag is die laaste dag om te bespreek en te betaal!

KUIERKOMBUIS Met die oog op die KUIERKOMBUIS wat tydens Aardklop gereël word, nooi ons ENIGE LIDMAAT om op Woensdag 12 Junie om 17:15 by Fanie en Judie aan huis te kom gedagtes bymekaar sit oor hierdie jaar se aanbieding.

Beroepe

BEROEPE ONTVANG

Ds LP van Jaarsveld van Brakpan-Suid na Bloemfontein-Suidheuwels.

BEROEPE AANVAAR

Dr BA de Vries van Pretoria-Brooklyn na Pretoria-Annlin onder KO, art 7 met opdrag Engelse kerkplanting en voortgaande opleiding by Mukhanyo.

Propenent CC Mathundela na Daveyton

BEROEPE BEDANK

Ds LP van Jaarsveld van Brakpan-Suid na Bloemfontein-Suidheuwels.

Ds BCG Fourie van Kameeldrift na Newcastle.

Ds CJ van Vuuren van Hartbeespoort na Koster.

Bankbesonderhede

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak
670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG



Teeskinkbeurte

2 Junie
KG 4 (Fransa Vorster) &
Wyk 4 (Albertje Fouché)

9 Junie
KG 5 (Lizelle le Roux) &
Wyk 5 (Christa Smith)

Geen teeskinkbeurte is geskeduleer vir die vakansietyd nie.
Engiemand is welkom om te skink!

Baie dankie!

Nagmaal

Volgende Sondagoggend het ons die voorreg om weer Nagmaal te vier. Mag dit tot versterking van ons geloof wees en ons opnuut aanspoor tot 'n lewe in dankbaarheid vir die verlossing in Jesus Christus.

NG Potch-Oos hou warm Wintermark in koue Junie

NG Potch-Oos wil graag plaaslike asook ander kunstenaars, handwerkers en gourmet sjefs se passies en talente met die inwoners van Potchefstroom en omgewing deel. Du Toitskloofwyne, Daelwood spesialiteitskase, waterblommetjies, heerlike soppe, sushi, biltong en ander gebak. Boeke, dekor, vintage klere, juwele en parfuum te kus en te keur. Vrydagmiddag 7 Junie om 16h00 word alle belangstellendes genooi na 'n vertoning van die top ontwerper Michael Bezuidenhout se ontwerpe, asook Leather & Lace Boutique se uitrustings. Persiese matte uit Afghanistan, skilderye en syskerm drukwerk gaan kunsliefhebbers beïndruk, terwyl Lollos se boeke en speelgoed kinderharte gaan steel. Daar is klere, juwele, parfuum en vars blomme vir elke vrou se smaak.

Datum 6-8 Junie,
Tyd 9h00 - 19h00, mark eindig Saterdag 13h00.
Plek NG Potch-Oos se terrein, h/v Burger en Lanyonstraat, Bailliepark, Potchefstroom.
Vir navrae kontak Essie 083 255 5721 of Michiel 076 791 6201.

OUDERLINGE VERGADER

Die ouderlinge vergader vanaand na die diens (Verslagvergadering). Ons bid vir hulle in hulle dienswerk.

Het jy geweet?

Die ouderlinge vergader jaarliks agt keer. Vier van hierdie vergaderings is verslagvergaderings, en die ander vier is kerkraadsvergaderings. Daar word van 'n ouderling verwag om vier keer 'n jaar huisbesoek te doen -- meestal net voor 'n verslagvergadering. Om hierdie rede besoek 'n ouderling nie 'n lidmaat noodwendig voor elke Nagmaal nie -- veral ook omdat ons agt keer 'n jaar Nagmaal vier.

Woonstel te huur

(dadelik beskikbaar)

Ini Harkie in Walter Sisulo str 26. Moderne 2 slaapkamer, 1 badkamer woonstel; Balkon met braaiplek; Goeie sekuriteit; 1 afdak & 1 oop parkering; R4000/maand, water & heffing ingesluit. Skakel Dalize Pelser : 076 810 6622

Welkom hier!

Wilhelm & Doretha Rost
082-662-1105

Wil jy ook by ons gemeente inskakel?
Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: .....
Telefoonnommer: .....

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

Verjaarsdae

Vandag, 2 Junie
Annetjie du Plessis
Kleingroep 12 082-955-3311
Jaco Greyling
Wyksgroep 31 082-497-6295
Ig Vorster
Wyksgroep 22 082-788-5902

Maandag, 3 Junie
Wiida Bisschoff 20
Kleingroep 20 082-776-5295
Heleen Coetzee 20
Wyksgroep 20 083-625-1970

Dinsdag, 4 Junie
Willemijn de Kock
Wyksgroep 17 076-653-8297
Esme Snyman
Kleingroep 05 082-923-6631
Adri Strijdom
Wyksgroep 23 082-224-9855

Woensdag, 5 Junie
Nic Smith
Wyksgroep 05 073-458-9555
Louisa van der Walt
Wyksgroep 18 076-604-7523

Donderdag, 6 Junie
Willie Coetzee
Kleingroep 01 082-826-3310
Hannes van der Walt
Wyksgroep 11 072-494-9676

Saterdag, 8 Junie
Chantelle Schoeman 21
Wyksgroep 15 084-309-1360

Die volgende Beradingskursus by Cachet sal eers weer na die vakansie, op 16 Julie wees.